Woensdag 5 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 130
Fokusgedeelte: Psalm 130:5, 6

## Wag op ons God - Hy verlos uit die nag van sonde

Daar kom tye in ons lewe waar die vraag in ons gemoed kom of al ons sondes vergewe gaan word. Gaan God AL my sondes vergewe?

Psalm 130 is 'n pelgrimslied. Dit is paasfees – die fees waar die volk die redding van Israel uit Egipte herdenk. Die paaslam wat geslag word, wys terug na die paaslam wat die nag met die tiende plaag geslag is, maar wys vorentoe na die ware Paaslam wat moes kom.

Hierdie pelgrim is buite Jerusalem. Hy is in diep geestelike nood. Hier vind ons die werking van die Heilige Gees reeds in die Ou Testament. Let op hoe Christus die werk van die Heilige Gees beskryf in Johannes 16:8: *"En wanneer Hy (Heilige Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel."*

Die pelgrim roep: *"Uit die dieptes roep ek na U, HERE."* Soos hy nou is, kan hy nie in die voorhof van die tempel gaan staan nie. Af en toe hoor hy die wagte op die mure (vs 6). Van ver hoor hy die roep van die priesterwag wat elke uur van die nag aftel, om dan eindelik met trompetgeskal die dagbreek aan te kondig.

Hy kerm: HERE, hoor tog my hulpgeroep! Hy wag gelowig op 'n antwoord. En dan – dan breek die verlossing deur wanneer die trompetgeskal opklink. Hy weet:

*Maar nee, daar is vergewing altyd by U gewees;*
*daarom word U met bewing reg kinderlik gevrees.*

Nou kan hy na die voorhof van die tempel gaan om die seën van die HERE deur die priester te ontvang. In sy hart klink die woorde oor en oor:

*Hoop, Israel, in jou klagte; vertrou, o volk, wat treur;*
*sy guns verduur die nagte, sy heil breek eind'lik deur.*
*Dan skyn 'n soete vrede: gans Israel word vry van ongeregtighede.*
*HEER, doen ook so aan my!*

Waar het die man die troos gekry? Vanwaar die berusting in God se vergewende liefde? Hy kry dit deur die werk van die Heilige Gees by die profesie van die Paaslam, want paasfees wys heen na die ware Paaslam, ons Here Jesus Christus, wie se bloed vergiet is tot 'n volkome versoening van AL ons sondes.

*Sing: Psalm 130-1:1, 2, 3, 4*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*